’n Projek van
Kunste Onbeperk MSW

MAAK GEREED VIR DIE TWEEDE KKNK JEUGKUNSTEFEES IN 2024!

’n Onvergeetlike kunste-avontuur van drie dae.

Na die sukses van die heel eerste KKNK Jeugkunstefees in 2023, is ons opgewonde vir die tweede weergawe, wat van 25 tot 27 Maart 2024 plaasvind! Dié inisiatief word aangebied in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD).

Een van die KKNK se sleuteldoelwitte is om die kunste se impak te vergroot en in die proses meer volhoubaar te maak. En watter beter manier om hierdie doel te bereik as om die gehore van die toekoms te ontwikkel en ’n liefde vir die kunste onder die jeug op ’n vroeë ouderdom te vestig?

Terugvoer van deelnemers aan die 2023 KKNK Jeugkunstefees was baie positief:
“Die KKNK se Jeugkunstefees wys vir ons dat ons ook hier kan staan as ons hard werk. En dat as ons dit kan droom, ons ons drome 'n werklikheid kan maak.”

“Ons kan nie genoeg dankie sê vir die geleentheid wat die KKNK Jeugkunstefees aan ons gebied het nie. Ons kinders het so baie geleer en soveel pret gehad (en baie nuwe vriende gemaak!). Ons sien uit daarna om die KKNK in 2024 by te woon!”

Anina Lundie van die WKOD sê: “Hierdie inisiatief deur die KKNK verseker dat leerders blootgestel word aan hoëgehalte-ervarings in die kunste, wat onderrig en leer in die klaskamer versterk. Deur die jeug aan die kunste bloot te stel, word jong gehore gekweek wat nie net sal reageer op die toekomstige artistieke en sosio-ekonomiese behoeftes van ons provinsie nie, maar ook die res van Suid-Afrika.”

Die program sluit teater, musiek, dans, visuele kunste en vele meer, in die vorm van professionele produksies, gesprekke en werksessies in – alles in die hartjie van die Klein Karoo. Hier word die kunste saam gevier, terwyl nuwe vriendskappe gevorm word. ’n Informele proses word in 2024 ingesluit, waar leerders ’n geleentheid kry om hul interpretasie van hul persoonlike groei, ervarings of gewaarwording by die fees, in die vorm van ’n opvoering, installasie, of visuele kunsvoorstelling aan te bied.

Hoërskole of groepe wat belangstel, moet die KKNK teen 15 Januarie 2024 kontak om ’n voorlopige bespreking te maak, maar **die finale sluitingsdatum vir registrasie is 1 Maart 2024**. Neem kennis dat deelnemers verantwoordelik is vir hulle eie vervoerreëlings na en van

Registrasienommers NWO 1995/008741/08 | 043-289-NPO | SARS PBO: 930008696 | BTW: 4440155481

Posadres Posbus 1341, Oudtshoorn, 6620 **Fisiese adres** Die Neelsie, 217 Jan van Riebeeckweg, Oudtshoorn, 6625

Kontakbesonderhede Tel: (044) 203 8600 | WhatsApp: 065 285 2337 | info@kknk.co.za | @KKNKfees

Direksielede Crispin Sonn (voorsitter), Chris Macpherson, Ismail Mahomed, Denver Moses, Theresa Olivier, Hugo Theart (uitvoerende artistieke direkteur), Mariné van Brakel, Christo van der Rheede, Olga Wyngaard

Beskermhere Patrice Motsepe, Franklin Sonn, Ton Vosloo, Christo Wiese

Oudtshoorn, asook op die dorp tydens die fees. Beperkte verblyf is by die fees beskikbaar en skole, groepe en ouers word aangemoedig om so gou as moontlik plek te bespreek by 044 203 8600.

Koste beloop R3 350 per leerder, wat die volgende insluit:

- Verblyf in 'n koshuis met ontbyt vir die aande van 24, 25, 26 en 27 Maart 2024;
- Kaartjies vir sewe tot nege produksies (afhangend van skedule en aard van inhoud);
- Vier tot ses gefokusde aktiwiteite of werksessies;
- Gesprekke;
- Toegang tot die Feesmark (die feesterrein).

Pakkette sonder verblyf is ook beskikbaar, indien die groep besluit om van ander verblyf gebruik te maak. Vir meer inligting, kontak Lizané Basson by 044 203 8600, per e-pos by lizane@kunste.org.za of stuur 'n WhatsApp na 065 285 2337.

KKNK 2024: JEUGKUNSTEFEES REGISTRASIEVORM			
Naam van skool			
Provinsie			
Skool se telefoonnommer		**Skool se e-posadres**	
Kontakpersoon (naam en van)			
Kontakpersoon selfoonnommer		**Kontakpersoon se e-posadres**	
Ouers moet asseblief gelde aan die skool betaal, waarna die skool 'n eenmalige oorbetaling aan die KKNK maak. Indien ouers hul kinders onafhanklik inskryf, kan die registrasievorm en bewys van betaling direk vanaf die ouers gestuur word. Slegs die registrasievorm met bewys van betaling word as volledige inskrywing aanvaar. Skole of ouers is verantwoordelik vir alle reisreëlings en -koste, asook sakgeld en enige ander uitgawes van deelnemers.			

INLIGTING VAN LEERDERS						
Naam en van	**Geboorte-datum**	**Graad**	**Geslag**	**Leerder se selfoonnommer**	**Leerder se e-pos-adres**	**Spesiale spyseniering-versoeke** byvoorbeeld enige allergieë of geloofsoortuigings (slegs leerders wat van KKNK-verblyf gebruik gaan maak)

Bankbesonderhede	Kunste Onbeperk NPC Absa Rekeningnommer: 4061 8709 51 Takkode: 632 005 Verwysing vir skole: *Skoolnaam* Jeugfees Verwysing vir privaat inskrywings: *Kind se naam en van* & **Jeugfees**
Die volledige registrasievorm moet **voor of op 1 Maart 2024** saam met die bewys van betaling per e-pos aan Lizané Basson by lizane@kunste.org.za gestuur word.	

PROGRAM VIR KKNK JEUGKUNSTEFEES

Voltooi die spasie hier onder en dui aan watter produksies die groep graag wil sien, of waaraan jy as opvoeder of ouer die kind(ers) wil blootstel, of enige onderwerpe en aspekte wat vermy moet word. Brei gerus uit as daar spesifieke belangstellings onder die groep is (bv. dans, musiek, toneel, visuele kuns ens.). Kapasiteit verskil en is beperk vir elke produksie en sessie. Die KKNK sal 'n skedule voorstel wat al die produksies en aktiwiteite vir die groep insluit.

VRYWARINGSVORM

1. Deur die voltooiing en ondertekening van hierdie vorm, bevestig ek dat:
   - 1.1. Die leerders/my kind se deelname aan die KKNK Jeugkunstefees vrywillig is en dat die leerders/my kind op geen wyse verplig of gedwing word om deel te neem nie.
   - 1.2. Ek verstaan dat die KKNK se personeel, asook ander betrokkenes, alle redelike voorsorg sal tref vir die leerders/my kind se veiligheid en welsyn.
   - 1.3. Die KKNK Jeugkunstefees se reëls, erekode en reëlings aan my verskaf is en dat dit ten volle nagekom sal word.
   - 1.4. Die bepalings hiervan is vir die volle duur van die KKNK Jeugkunstefees geldig.
   - 1.5. Ek aanvaar dat daar gevaar mag wees en dat die leerders/my kind die KKNK Jeugkunstefees op eie risiko bywoon.

2. Verder vrywaar ek Kunste Onbeperk MSW, sy direkteure, bestuur, personeel, groepleiers en/of fasiliteerders teen enige eise wat mag voortspruit uit siekte, dood en beserings van watter aard ook al, opgedoen by die KKNK Jeugkunstefees.

3. Ek bevestig dat die gebruik van die vervoer (soos in 'n geval van nood) in 'n voertuig vrywillig is en dat ek al die risiko's waarteen ek die bestuurders, sowel as die KKNK vrywaar, onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoude aanvaar.

4. Ek verleen toestemming dat, indien nodig, mediese behandeling aan die leerders/my kind verleen mag word en aanvaar aanspreeklikheid vir verbandhoudende koste wat op versoek betaalbaar is.

5. Foto's wat geneem word van deelnemers aan die KKNK Jeugkunstefees mag gebruik of aangewend word op een van die volgende maniere:
   - 5.1. Om rekord te hou van die KKNK Jeugkunstefees.
   - 5.2. Vir bemarkingsdoeleindes.

6. Ek verleen toestemming dat die leerders/my kind enige verdere korrespondensie oor die KKNK Jeugkunstefees per SMS, WhatsApp en e-pos mag ontvang.

7. Ek gee hiermee toestemming dat die KKNK my/die skool/leerders se persoonlike inligting soos in hierdie vorm vervat, mag gebruik om oor ander projekte te kommunikeer. (Indien jy nie hierdie deel invul nie, aanvaar die KKNK dat jy wel instem dat die KKNK die betrokke persone mag kontak).

8. Skakel gerus die KKNK by 044 203 8600 vir meer inligting indien daar enige onduidelikhede oor die Jeugkunstefees is.

Ek gee toestemming dat foto's van al die leerders/my kind geneem kan word en ek gee toestemming dat die foto's soos hier bo uiteengesit, gebruik kan word.		Ek gee nie toestemming dat foto's van die leerders/my kind geneem en soos hier bo uiteengesit, gebruik kan word nie.	
Ja, die KKNK mag my kontak.		Nee, die KKNK mag my nie kontak nie.	
Skoolhoof, ouer of wettige voog se volle naam en van			

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20__.

_____
(Handtekening van skoolhoof, ouer of wettige voog)

REËLS

Uitnemendheid: Ek aanvaar dat die KKNK belê in uitnemende kreatiwiteit en streef self uitnemendheid na.
Integriteit: Ek verbind myself tot die bevordering van deursigtigheid, respek en verantwoordbaarheid.
Toeganklikheid: Ek aanvaar die KKNK se pogings tot toeganklikheid van die kunste in veral Afrikaans, onder diverse kunstenaars en gehore.
Leierskap: Ek sal bo my omstandighede uitstyg en deel wees van 'n suksesvolle Suid-Afrika.

Ek neem kennis van die volgende reëls:

1. Alle leerders wat van koshuisverblyf gebruikmaak, moet van 23:00 af rustig in sy of haar kamer wees.
2. Geen leerder mag in die besit wees van enige sigarette, dwelms of drank nie.
3. Die toesighoudende volwassene is die leerders se kontakpersoon en toesighouer.
4. By die KKNK Jeugkunstefees-lokale sal jy nie toegelaat word om:
   - 4.1. Te klim op tente, konstruksies, heinings, ligte, brûe, banke of enige ander strukture op die terrein;
   - 4.2. Ingange, uitgange en/of nooduitgange te blokkeer nie;
   - 4.3. Voorwerpe te gooi of skiet in vaste, vloeibare of gasvorm nie;
   - 4.4. Te rook nie;
   - 4.5. Te urineer en/of ontlas in die openbaar nie;
5. Hierdie lys voorsien slegs 'n oorsig as riglyn, maar as daar gevind word dat enige leerder op 'n wyse optree wat die KKNK nie toelaat nie, behou die KKNK die reg voor om die leerders te verwyder of aan die polisie te oorhandig.
6. Die dra van tekste, simbole, voorwerpe, klere en/of ander (sigbare) eksterne uitdrukkings wat op diskriminasie, haat spraak, aanhitsing of rassisme dui, is streng verbode.
7. Gidshonde word toegelaat indien benodig.
8. Die volgende voorwerpe word nie toegelaat nie:
   - 8.1. Vuurwapens, ammunisie, plofstof, messe of enige skerp of spits metaalvoorwerp wat as 'n gevaarlike wapen beskou kan word;
   - 8.2. Enige gevaarlike wapen soos genoem in Artikel 1 van die Wet op Gevaarlike Wapens No. 63 van 1968;
   - 8.3. Traangas, foelie of soortgelyke chemiese middels soos genoem in Artikel 1 van die Traangaswet No. 16 van 1964 of soortgelyke chemiese of organiese middels in die lug soos pepersproei;
   - 8.4. Narkotika of ander verstandsveranderende middels (behalwe dié wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgeskryf word);
   - 8.5. Diere (behalwe gidshonde);

8.6. Baniere of vlae waarvan die inhoud redelikerwys as vulgêr, rassisties, seksisties, diskriminerend, opruiend en/of aanstootlik beskou kan word;
8.7. Enige chemikalie wat redelikerwys as gevaarlik beskou kan word;
8.8. Enige toestel of voorwerp wat redelikerwys as ontwrigtend beskou kan word.
9. Die KKNK het geen verdraagsaamheid teenoor dwelms.

LYS VAN BENODIGHEDE

1. Feesdrag: gemaklik stapskoene of tekkies, 'n waterbottel en sonskerm.
2. Persoonlike medikasie soos asmapompies, pynpille vir kopseer, middels vir naarheid en allergiese reaksies, soos vir bysteke ens.
3. Persoonlike toiletware.
4. OPSIONEEL: Enige musiekinstrumente wat vervoer kan word, soos 'n kitaar of fluit.

KANSELLASIEBELEID

Inskrywingsgeld sal slegs terugbetaal word indien skriftelike kennis van onttrekking of kansellasie voor of op 10 Maart 2024 ontvang word.